education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN – 2007

**REKENINGKUNDE**

**HOËR GRAAD**

**FEBRUARIE/MAART 2007**

**401-1/0**

REKENINGKUNDE HG
Vraestel & Antwoordboek

401 1 0A HG

**PUNTE: 400**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 20 bladsye en 'n antwoordeboek.**

X05

*Kopiereg voorbehou*

GAUTENG

# HIERDIE BLADSY MOET BLANKO BLY

**INSTRUKSIES EN INLIGTING:**

1. Beantwoord AL die vrae.

2. 'n Spesiale ANTWOORDEBOEK word voorsien waarin AL die vrae beantwoord moet word.

3. Toon AL die berekeninge sodat deelpunte toegeken kan word.

4. Lees die instruksies noukeurig deur en voer dit stiptelik uit.

5. Kandidate sal punte verbeur vir:

   - Weglating van belangrike datums
   - Gebruik van nie-gestandaardiseerde afkortings
   - Oormekaarskryf van syfers
   - Onnodige inskrywings/vreemde items/beginselfoute

6. Nie-programmeerbare sakrekenaars mag gebruik word.

7. Geen bladsye mag uit die antwoordeboek verwyder word nie. Die antwoordeboek maak voorsiening vir alternatiewe formate van finansiële state.

8. Gebruik die inligting in die onderstaande tabel as 'n riglyn vir die beantwoording van die vraestel en probeer om nie daarvan af te wyk nie.

| VRAAG | ONDERWERP | PUNTE | TYDGIDS (MINUTE) |
|---|---|---|---|
| 1. | Bankversoening | 54 | 24 |
| 2. | Klub | 49 | 22 |
| 3. | Vennootskap | 61 | 28 |
| 4. | Beslote korporasie | 116 | 52 |
| 5. | Maatskappy | 67 | 30 |
| 6. | Kontantbegroting | 53 | 24 |
| | **TOTAAL** | **400** | **180 minute** |

Kopiereg voorbehou

## VRAAG 1

**BANKVERSOENING** **(54 punte; 24 minute)**

Jy word van inligting, geneem uit die rekords van Kiron Handelaars, voorsien. Die onderneming word deur Ken Kiron besit.

**GEVRA:**

1.1 Die Kontantvangste- en Kontantbetalingsjoernale (slegs Bank-, Debiteure- en Diverse-rekeninge-kolomme) vir Oktober 2006. Begin met die voorlopige totale. (30)

1.2 Die Bankversoeningstaat op 31 Oktober 2006. (11)

1.3 Beantwoord AL die vrae wat na die inligting volg.

**INLIGTING:**

**1. Voorlopige totale van die bankkolomme in die Kontantjoernale op 31 Oktober 2006.**

| KONTANTONTVANGSTEJOERNAAL | | |
|---|---|---|
| **Bank** | **Debiteure-kontrole** | **Diverse-rekeninge** |
| **22 260** | **4 400** | **2 356** |

| KONTANTBETALINGSJOERNAAL | | |
|---|---|---|
| **Bank** | **Debiteure-kontrole** | **Diverse-rekeninge** |
| **25 380** | **400** | **1 890** |

**2. Die volgende items het in die Bankversoeningstaat op 30 September 2006 verskyn:**

- Deposito R3 000 – gemaak op 30 September 2006.
- Tjeknommer 531 is op 15 April 2006 aan Tibs Vervaardigers vir handelsvoorraad van R460 uitgereik.
- Tjek Nr. 540 vir R350
  Nr. 563 vir R850
  Nr. 578 vir R420

  Tjeks 540 en 563 het op die Bankstaat vir Oktober 2006 verskyn.

**3. Items wat in die Kontantjoernale vir Oktober 2006 verskyn het, maar nie op die Bankstaat nie:**

3.1 'n Deposito deur Kiron Handelaars op 31 Oktober 2006, R1 580.

3.2 Die volgende tjeks: Nr. 611 vir R2 100
Nr. 696 vir R 700 (Gedateer 20 November 2006)
Nr. 699 vir R1 300

Let wel: Tjeknommer 611, gedateer 13 Oktober 2006, uitgereik ten gunste van Fila Handelaars ter vereffening van ons rekening van R2 200, het verlore geraak. Uitbetaling van die tjek is gestop. 'n Verdere tjek is nie uitgereik nie.

3.3 Tjeknommer 697 vir R970 ten gunste van J.C. Distributors is uitgereik vir die kontantaankope van handelsvoorraad. Die bedrag is in die Kontantbetalingsjoernaal as R790 aangeteken, maar die korrekte bedrag verskyn in die Bankstaat as R970.

**4. Items wat op die Oktober-bankstaat (ontvang van Best Bank) verskyn, maar nie in die Kontantjoernale nie:**

4.1 Diensgeld, R230
Kredietkaartkoste, R450
Rente op gunstige saldo, R120
Rente op ongunstige saldo, R320

4.2 Stoporder vir die jaarlikse donasie aan die Dierebeskermingsvereniging, R500.

4.3 Gedishonoreerde tjek oorspronklik ontvang van 'n debiteur, B. Naidoo – R750.

4.4 Die huurder, B. Shushu, het 'n elektroniese oorplasing gedoen na die rekening van Kiron Handelaars – R2 500.

4.5 'n Debietorder ten gunste van MBW Bank vir die maandelikse paaiement op die eienaar se vrou se motor, R3 200.

4.6 Deposito van R3 000 op 1 Oktober.

**5. Die debietsaldo op die bankrekening in die Algemene Grootboek op 30 September 2006 was R2 890.**

**6. Gunstige saldo volgens die Bankstaat op 31 Oktober 2006, R160.**

## 1.3 VRAE OM TE BEANTWOORD:

1.3.1 Een van Ken se kliënte, mnr. B. Goode het vir Ken in kennis gestel dat iets vreemds gebeur het toe hy sy rekening van R500 met kontant vereffen het. Mej. I. Steele, die kassiere, het aan hom 'n kwitansie gegee wat nie soos die gewone kwitansies van Kiron Handelaars lyk nie. By nadere ondersoek van die Debiteurestaat het hy gevind dat 'n joernaalinskrywing gemaak is om die rekening te verminder. Ken het toe die kwitansies nagegaan en gevind dat daar geen rekord van ontvangs vir die R500 is nie en dat die kassier nie die geld gedeponeer het nie.

- Verduidelik kortliks wat die probleem is wat in die onderneming bestaan. (3)
- Verskaf TWEE stappe wat gedoen moet word om die probleem op te los. (6)

1.3.2 Ken Kiron wil die paaiement van R3 200 op sy vrou se kar as 'n besigheidsuitgawe boekstaaf. Verduidelik die volgende:

- Hoekom dit nie aanvaarbare praktyk is nie
- Hoekom jy as die boekhouer hom nie in hierdie versoek sal ondersteun nie (4)

**[54]**

## VRAAG 2

**KLUB** **(49 punte; 22 minute)**

**2.1**

Die volgende inligting is geneem uit die rekeningkundige rekords van Easy Fitness Klub vir die rekeningkundige tydperk 1 Januarie 2005 tot 31 Desember 2005.

**GEVRA:**

2.1.1 Voltooi die **Ledegeldrekening** in die Algemene Grootboek van Easy Fitness Klub – saldeer/sluit die rekening af op 31 Desember 2005, **die einde van die boekjaar.** (16)

2.1.2 Bereken die bedrae wat in die **Staat van Ontvangste en Betalings** en in die **Staat van Inkomste en Uitgawes** van die klub moet verskyn. Skryf slegs die bedrag in die toepaslike kolom. Die bedrae bereken in Vraag 2.1.1 moet ook in berekening gebring word. (28)

**VOORBEELD:**

'n Vaste deposito van R8 000 verval op 31 Desember 2005. 'n Tjek is van die bank vir R8 720 ontvang. Dit sluit een jaar se rente in.

| **Rekening** | **Staat van Ontvangste en Betalings** | | **Staat van Inkomste en Uitgawe** | |
|---|---|---|---|---|
| | **Ontvangste** | **Betalings** | **Uitgawe** | **Inkomste** |
| Vaste deposito | 8 000 | | | |
| Rente op vaste deposito | 720 | | | 720 |

**INLIGTING:**

**1. Ledegelde:**

| | **2005 31 Desember** | **2004 31 Desember** |
|---|---|---|
| Opgelope inkomste (ontvangbare) | 500 | 1 200 |
| Vooruitontvange inkomste | 900 | 1 000 |

- Die klub het R14 300 gedurende die jaar ontvang. Dit sluit R800 in ten opsigte van 2004. Die ledegelde van nuwe lede wat gedurende die boekjaar by die klub aangesluit het, is ook by dié bedrag ingesluit.
- Uitstaande bedrae van die vorige jaar moet afgeskryf word. Die name van daardie lede is met ingang van 1 Januarie 2005 van die lederegister verwyder.

2. **Intreegelde:**
   - Intreegelde is van al die nuwe lede ontvang.
   - Intreegelde van R4 800 is gekapitaliseer. Dit beloop 60% van totale intreegelde wat volgens die klub se beleid gekapitaliseer moet word. Die saldo moet as lopende inkomste beskou word.

3. **Huur-inkomste:**
   - Huur-inkomste beloop R5 100 per maand.
   - Die huurder het die tesouriere gedurende die jaar in kennis gestel dat die dak dringend herstelwerk benodig. Die huurder het selfs die R3 200 daarvoor betaal. Daar is ooreengekom dat die bedrag teen die huur vir Junie 2005 verhaal sal word.
   - Huur vir Januarie 2006 is gedurende Desember 2005 ontvang en gedeponeer.

4. **Skryfbehoeftes:**
   - Op 1 Januarie 2005, was skryfbehoeftes ten bedrae van R700 voorhande.
   - Gedurende die jaar is skryfbehoeftes ten bedrae van R2 400 vir kontant aangekoop.
   - Skryfbehoeftes ten bedrae van R420 was ontvang as 'n donasie van 'n lid.
   - Skryfbehoeftes ten bedrae van R800 is gedurende die jaar gesteel. Die versekeringsmaatskappy het R500 in die bankrekening van die onderneming gedeponeer aangesien die onderneming onderverseker was.
   - Voorraad van skryfbehoeftes voorhande aan die einde van die rekeningkundige tydperk was R350.

5. **Lening:**
   Die lening was vermeerder van R20 000 tot R24 000 op 31 Maart 2005.

6. **Rente op Lening:**
   - Rente op bostaande lening, R250, was bygevoeg op 31 Desember 2004.
   - Die rentekoers op die lening het onveranderd op 15% gebly vir die rekeningkundige tydperk.
   - Rente op lening is maandeliks een maand agterstallig betaal.

2.2 Jy is die voorsitter van Easy Fitness Klub. Jy is bekommerd dat die klub onderbenut word. Daar was merkbare meningsverskille tydens 'n vergadering in Desember:

- Sommige van die komiteelede het voorgestel dat die fasiliteite verbeter moet word, wat die ledegeld sal verhoog.
- Ander het weer voorgestel dat daar gratis lidmaatskap vir 'n beperkte tydperk van drie maande aangebied word.

**GEVRA:**

- Watter opsie sal jy ondersteun?
- Verduidelik watter rede jy sal gee, tydens die Desember komiteevergadering, om jou besluit te staaf. (5)

**[49]**

## VRAAG 3

**VENNOOTSKAPPE** **(61 punte; 28 minute)**

### 3.1 FINANSIËLE RESULTATE VIR 2006

Jy word voorsien van inligting wat betrekking het op Bonga Modes, wat besit word deur twee vennote Beryl Bonna en Gloria Gain. Hierdie kleinhandelsonderneming, wat damesklere en juweliersware verkoop, het op 1 Maart 2005 begin.

Beryl Bonna het haar deeltydse betrekking opgesê om hierdie besigheid te bestuur. Sy het R60 000 p.j. verdien in haar vorige betrekking. Gloria Gain het besluit om haar huidige werk te behou, waar sy R75 000 p.j. verdien. Sy het besluit om nie in Bonga Modes gedurende die eerste jaar te werk nie (d.i. sy is 'n stille vennoot vir die eerste jaar). Sy sal haar situasie op 'n later stadium heroorweeg.

**GEVRA:**

Toon alle berekeninge. Waar kommentaar benodig word, moet syfers uit die state aangehaal word en verhoudings/persentasies, deur jou bereken voorsien, word om die antwoorde te staaf.

3.1.1 Jy is in kennis gestel dat die netto wins vir die eerste jaar van handeldryf R47 000 is. Voltooi die volgende rekeninge in die grootboek:

- Verdelingsrekening (14)
- Privaat rekening: Bonna (10)

3.1.2 Die onderneming het op 1 Maart 2005 begin. Die vennote is besorg oor die finansiële resultate vir die eerste jaar van bedrywighede.

- Bereken die netto inkomste as 'n persentasie van die gemiddelde eienaarsbelang vir die onderneming as 'n geheel. (7)
- Lewer kortliks kommentaar oor dié opbrengs. Kan die vennote tevrede wees? Verduidelik kortliks. (3)

3.1.3 Beryl Bonna is bekommerd of sy die regte besluit geneem het om van haar vorige betrekking te bedank.

- Bereken die totale bedrag verdien deur Beryl Bonna gedurende die eerste jaar van bedrywighede van hierdie onderneming. (4)
- Watter persentasie van die totale netto inkomste het sy verdien en watter persentasie het vennoot Gloria verdien? (4)
- Sal die vennote tevrede wees met die bostaande berekende resultate? Verduidelik kortliks. (3)

**INLIGTING:**

| **Bedrae geneem uit die rekords vir die jaar geëindig 28 Februarie 2006:** | | |
|---|---|---|
| | **Begin van die jaar** | **Einde van die jaar** |
| Kapitaal: Beryl Bonna | 72 000 | 72 000 |
| Kapitaal: Gloria Gain | 48 000 | 48 000 |
| Privaat rekening: Beryl Bonna (28 Februarie 2006) | 0 | 16 200 Kt |
| Privaat rekening: Gloria Gain (28 Februarie 2006) | 0 | 17 200 Dt |
| Vaste Deposito: First Bank (8% p.j. – verval in 2008) | 66 000 | 66 000 |
| Lening: First Bank (15% p.j.) | 120 000 | 120 000 |

**Uittreksels uit die bestaande vennootskapsooreenkoms:**

1. Beryl Bonna is geregtig op 'n jaarlikse salaris van R30 000. Gloria Gain, as stille vennoot, wat nie werklik in die onderneming werksaam is nie, verdien nie 'n salaris nie.

2. Rente op kapitaal is betaalbaar aan beide vennote teen 10% p.j.

3. Oorblywende winste en verliese word in verhouding tot die kapitaalbydrae van elke vennoot verdeel (bereken tot die naaste Rand).

   Let wel: Die vennote het geen addisionele kapitaalbydrae behalwe die aanvanklike bydrae gemaak nie.

4. Elke vennoot mag 'n maksimum van R2 000 kontant of klerasie teen kosprys per maand onttrek. Elke vennoot het hierdie fasiliteit tot die maksimum benut.

## 3.2 FINANSIËLE BESLUITE VIR DIE VOLGENDE JAAR

Beryl Bonna wil hê dat Gloria Gain uit haar huidige betrekking moet bedank en as 'n aktiewe vennoot in die onderneming 'n bydrae lewer om die opbrengs verdien deur die vennote te vermeerder. Indien dit die geval is:

- Sal hulle een van die verkoopsassistente moet aflê m.a.w. hy/sy sal sy/haar werk verloor.
- Verhoog die vennote se basiese salaris tot R45 000 p.j. elk.
- Verminder die boekhouersfooie met 80% (aangesien Gloria in staat is om die meeste van hierdie werk te doen).
- Gloria sal 'n addisionele R70 000 kapitaal bydra, wat gebruik sal word om die lening gedeeltelik af te los.

Die volgende is 'n uittreksel uit die Inkomstestaat van 2006:

| *Uittreksel:* **BONGA-MODES**<br>**INKOMSTESTAAT VIR DIE JAAR GEËINDIG 28 FEBRUARIE 2006** | |
|---|---|
| Bruto wins | 270 000 |
| Bedryfsuitgawes | (208 000) |
| | |
| Salarisse van drie verkoopsassistente | 108 000 |
| Rekeningkundige & boekhoufooie | 21 000 |
| Diverse bedryfsuitgawes | 35 320 |
| Bedryfswins | 62 000 |
| Rente op belegging (8% p.j.) | 5 280 |
| | 67 280 |
| Rente op lening (15% p.j.) | (18 000) |
| Rente op oortrekking | (2 280) |
| Netto inkomste | **47 000** |

**GEVRA:**

3.2.1 Sal die winste volgens jou mening toeneem indien Gloria voltyds in die onderneming sou werk? Voorsien toepaslike syfers of berekeninge om jou antwoord te staaf. (8)

3.2.2 Sal dit volgens jou mening voordelig vir Gloria wees, d.w.s. sal dit voordelig vir haar wees as sy haar huidige werk opgee en voltyds by die vennootskap aansluit? Verduidelik deur toepaslike syfers te voorsien om jou antwoord te steun. (4)

3.2.3 Verduidelik kortliks twee ander voordele vir die onderneming indien Gloria op 'n voltydse basis in die onderneming werk. (4)

**61**

Kopiereg voorbehou

## VRAAG 4

**BESLOTE KORPORASIE** **(116 punte; 52 minute)**

Eluma Sekuriteit spesialiseer in die verkoop en installering van alarmstelsels. Die onderneming word as 'n Beslote Korporasie bedryf en word deur twee lede Eric Ebrahim en Sam Siluma, besit.

### 4.1 GEVRA:

4.1.1 Gebruik die inligting om die volgende rekeninge in die Algemene Grootboek van Eluma Sekuriteit te voltooi. Balanseer/Sluit die rekeninge op 30 Junie 2006 af.

- Opgehoopte Waardevermindering op Toerusting (15)
- Bateverkope (8)

4.1.2 Voltooi die Inkomstestaat vir die jaar geëindig 30 Junie 2006. (53)

4.1.3 Voltooi die Notas tot die Finansiële State op 30 Junie 2006 vir Handels- en ander krediteure. (15)

4.1.4 Voltooi slegs die Ekwiteit-en-Laste-afdeling van die Balansstaat op 30 Junie 2006. (19)

**LET WEL:**

- Die kosprys van die alarmstelsels is R6 000 elk. Die besigheid maak gebruik van 'n winsopslag van 50% op die kosprys.
- Installasiefooie beloop R1 200 per alarmstelsel.

**INLIGTING:**

| ELUMA SEKURITEIT<br>VOOR-AANSUIWERINGSPROEFBALANS OP 30 JUNIE 2006 | | |
|---|---|---|
| **Balansstaat-rekeninge-afdeling** | **Debiet<br>R** | **Krediet<br>R** |
| Ledebydraes | | 1 007 215 |
| Behoue Inkomste/Onuitgekeerde inkomste (1 Julie 2005) | | 49 690 |
| Lening van lid: E. Ebrahim (15% p.j.) | | 120 000 |
| Lening aan lid: S. Siluma (12% p.j.) | 48 000 | |
| Grond en geboue | 901 000 | |
| Voertuie | 480 000 | |
| Toerusting | 185 680 | |
| Opgehoopte waardevermindering op voertuie (1 Julie 2005) | | 210 000 |
| Opgehoopte waardevermindering op toerusting (1 Julie 2005) | | 64 000 |
| Handelsvoorraad | 58 760 | |
| Debiteurekontrole | 41 620 | |
| Krediteurekontrole | | 8 560 |
| Opgelope uitgawes (Advertensie) | | 4 200 |
| Voorsiening vir oninbare skulde | | 2 800 |
| Bank | 23 890 | |
| SAID/Suid-Afrikaanse Inkomstediens (LBS) | | 3 070 |
| SAID/Suid-Afrikaanse Inkomstediens (Inkomstebelasting) | 102 000 | |
| Krediteure vir salarisse | | 1 000 |
| **Nominale-rekeninge-afdeling** | | |
| Verkope | | 840 000 |
| Debiteure-afslag op verkope | 28 560 | |
| Koste van verkope | 540 960 | |
| Fooi-inkomste (Installasie van alarmstelsels) | | 734 000 |
| Advertensie | 18 300 | |
| Versekering | 12 000 | |
| Lone en salarisse | 240 000 | |
| Rekeniningkundigebeampte-vergoeding: E. Ebrahim | 66 000 | |
| Verdeling aan lede (Interim op 31 Oktober 2005) | 38 000 | |
| Verbruiksvoorrade | 151 000 | |
| Diverse bedryfsuitgawes | 93 465 | |
| Oninbare skulde | 5 760 | |
| Rente op lening van lid: E. Ebrahim | 15 300 | |
| Rente op lening aan lid: S. Siluma | | 5 760 |
| | 3 050 295 | 3 050 295 |

## ADDISIONELE INLIGTING:

1. Waardevermindering op toerusting word teen 10% p.j. op die afnemende-saldometode bereken. 'n Ou kragopwekker is op 1 Junie 2006 vir R14 000 kontant verkoop. Dit is nie in die boeke aangeteken nie.

   Die volgende inligting het op die Vastebateregister van die kragopwekker verskyn:

**VASTEBATEREGISTER**

ITEM: *Kragopwekker* GROOTBOEKREKENING: *Toerusting*

AANKOOPDATUM: *2 Januarie 2004* KOSPRYS: *R16 000*

WAARDEVERMINDERING: *10% p.j. op die verminderde saldo*

| Datum | Berekening | Lopende Waardevermindering | Opgehoopte Waardevermindering |
|---|---|---|---|
| 30 Junie 2004 | 16 000 x 10% x 6/12 | 800 | 800 |
| 30 Junie 2005 | (16 000 – 800) x 10% | 1 520 | 2 320 |
| 1 Junie 2006 | (16 000 – 2 320) x 10% x | 1 254 | ? |

   Daar is geen inskrywings vir waardevermindering en die verkoop van die bate gemaak nie.

2. Waardevermindering op voertuie moet in berekening gebring word, R87 750.

3. Beide lede het alarmstelsels by hulle huise laat installeer op 26 Junie 2006. Hulle is teen 'n kosprys van R6 000 elk aangeslaan. Die installering is gratis gedoen, maar verbruiksgoedere vir die installasie is gebruik teen R600 elk. Dit moet van hulle verhaal word. Hierdie bedrae vir beide lede moet teen die Ledebydrae-rekening gehef word. Hierdie transaksies was nie geboekstaaf nie.

4. Die voorraadopname het op 28 Junie 2006 plaasgevind en het getoon dat daar alarmstelsels ter waarde van, R36 140 voorhande was.

   Op 29 Junie 2006, **na die voorraadopname,** het die volgende transaksies aangaande handelsvoorraad plaasgevind en is dit opgeteken. (Hierdie bedrae is ingesluit in die bedrae in die Proefbalans.)

   - Kredietaankope, R13 000, en
   - Kontantverkope, R9 000 (kosprys R6 000)

5. Sluitingsvoorraad ten van verbruiksgoedere op 30 Junie 2006 was R8 900.

6. Die opgelope uitgawe aan advertensiekoste, R4 200, vir die vorige finansiële jaar, geëindig 30 Junie 2005, is nie teruggeskryf nie.

7. Op 29 Junie 2006 is R480 ontvang van B. Kulu, wie se skuld voorheen as oninbaar afgeskryf is. Hierdie bedrag is foutiewelik teen die Oninbare Skulderekening gekrediteer.

8. Vermeerder die voorsiening vir oninbare-skulde-rekening tot R4 000.

9. Die lening van E. Ebrahim was op 1 Januarie 2004 ontvang. Die lening is terugbetaalbaar oor 10 jaar in gelyke paaiemente vanaf 1 Januarie 2005. Hierdie jaar se paaiement is op 1 Januarie 2006 betaal. Alle rente op hierdie lening is tot op datum betaal.

10. S. Siluma het gekla dat die aftrekking vir LBS in Junie 2006, R500 te veel was. Daar is ooreengekom dat dit aangesuiwer sal word en dat hy in Julie terugbetaal sal word.

11. 'n Finale verdeling van R50 000 is verklaar en is betaalbaar aan lede.

12. Inkomstebelasting vir die jaar beloop R110 000.

**4.2 HANDELSKORTING AANGEBIED IN JULIE 2006:**

Ten einde hulle winste in Julie 2006 te verhoog, het die lede die verkoopprys van hulle alarmstelsels tot R10 500 elk verhoog (installasiefooie uitgesluit). Hulle het die volgende advertensie in die pers geplaas.

**15% KORTING**
Op alle huisalarmstelsels vir Julie 2006
**ELUMA SEKURITEIT**
Kontak Eric of Sam: 085-233 4455

Die reaksie hierop was baie swak en sommige van die kliënte het hulle bestellings gekanselleer.

**GEVRA:**

Hoekom het die kliënte nie van hierdie aanbod gebruik gemaak nie? Gee jou mening kortliks. (6)

**116**

## VRAAG 5

**MAATSKAPPY** **(67 punte; 30 minute)**

Jy word voorsien van besonderhede wat in die finansiële state van S.I.M. Maatskappy Berperk vir die jaar geëindig 30 Junie 2006 verskyn het. Vergelykende syfers vir die vorige jaar word ook voorsien. Hulle het 'n gemagtigde aandelekapitaal van 60 000 gewone aandele teen R4 elk.

**GEVRA:**

5.1 Bereken die bedrag vir Rente op Lening betaal, wat op die gesig van die Kontantvloeistaat getoon moet word. (6)

5.2 Voltooi die nota tot die Kontantvloeistaat vir die versoening van netto wins voor belasting en kontant verkry uit bedrywighede. (13)

5.3 Voltooi die Kontantvloeistaat. Geen ander notas word verlang nie, die bedrae van die notas moet tussen hakies in die Kontantvloeistaat getoon word. Die bedrae van die beleggingsaktiwiteite is namens jou voltooi. (18)

5.4 Beantwoord die vrae wat volg.

**INLIGTING:**

| **BESONDERHEDE WAT IN DIE INKOMSTESTAAT VAN S.I.M. BEPERK VIR DIE JAAR GEËINDIG 30 JUNIE 2006 VERSKYN HET:** | |
|---|---|
| Omset | 672 000 |
| Waardevermindering op toerusting | 9 120 |
| Rente op lening | 11 880 |
| Netto inkomste voor belasting | 48 216 |
| Inkomstebelasting | 17 136 |
| Netto inkomste na belasting | 31 080 |

| BESONDEHEDE WAT IN DIE NA-AFSLUITINGSPROEF-BALANS VAN S.I.M. BEPERK OP 30 JUNIE VERSKYN HET: | 2006 | 2005 |
|---|---|---|
| Gewone aandelekapitaal (Pariwaarde R4,00) | 192 000 | 144 000 |
| Behoue inkomste | 63 000 | 48 120 |
| Lening van Goodwill Bank | 42 000 | 60 000 |
| Grond en geboue | 166 320 | 96 000 |
| Toerusting teen boekwaarde | 52 080 | 66 000 |
| Voorraad | 106 200 | 102 120 |
| Handelsdebiteure | 15 960 | 52 800 |
| Bank | 39 240 | 31 200 |
| Handelskrediteure | 67 000 | 75 000 |
| Uitgawes opgeloop/betaalbaar: Rente op lening | 1 440 | 6 560 |
| SAID: LBS | 1 400 | 1 960 |
| SAID: Inkomstebelasting | 5 760 Kt | 3 480 Kt |
| Aandeelhouers vir dividende | 7 200 | 9 000 |

| FINANSIËLE AANWYSERS, VERHOUDINGS EN PERSENTASIES BEREKEN VAN DIE FINANSIËLE STATE | 2006 | 2005 |
|---|---|---|
| Opbrengs op aandeelhouersbelang | 6,95% | 12,1% |
| Opbrengs op kapitaal aangewend | 10,9% | 15,2% |
| Verdienste per aandeel | 64,75c | 72c |
| Dividende per aandeel | ? | 25c |
| Skuld/eienaarsbelang-verhouding | 0,17 : 1 | 0,31 : 1 |

## ADDISIONELE INLIGTING:

1. **Dividende:**
'n Interim-dividend, gelykstaande aan die finale dividend per aandeel van die vorige jaar, was verklaar en aan die aandeelhouers op 3 Januarie 2006 betaal. Die nuwe aandele is op 1 Februarie 2006 uitgereik.

2. **Inkomstebelasting:**
Inkomstebelasting verskuldig vir die vorige boekjaar is op 10 Julie 2005 betaal. Voorlopigebelasting-betalings vir die huidige boekjaar moet bereken word.

3. **Vaste bates:**
Toerusting is teen drawaarde gedurende die boekjaar verkoop. Geen toerusting is aangekoop nie.

**5.4 VRAE OM TE BEANTWOORD:**

5.4.1 Jy besit 25 000 gewone aandele in S.I.M. Beperk. Die direkteure is van voorneme om al die onuitgereikte aandele gedurende die volgende boekjaar teen 'n premie van R2 per aandeel uit te reik.

Wat is die minimum getal aandele wat jy sal moet aankoop ten einde beheer oor die maatskappy te behou? (3)

Bereken die totale koste van hierdie belegging. (3)

5.4.2 Die maatskappy wil vir 'n bankoortrekking aansoek doen om 'n afleweringsvoertuig van R200 000 aan te koop. Sal jy as die bankbestuurder die oortrekking goedkeur? Gee TWEE redes vir jou besluit. (5)

5.4.3 Bereken die totale dividende per aandeel vir die 2006 finansiële jaar. (5)

5.4.4 Bereken die netto batewaarde per aandeel op 30 Junie 2006. (6)

**5.5** Jy is onseker oor die waarde van die aandele aangesien jy R6,50 per aandeel deur 'n voornemende koper Joe James vir die aandele aangebied is. 'n Ander koper Ben Nel het jou R3,50 per aandeel aangebied.

**GEVRA:**

5.5.1 Noem TWEE moontlike redes waarom Joe soveel as R6,50 per aandeel sal aanbied. (4)

5.5.2 Noem TWEE moontlike redes waarom Ben slegs R3,50 per aandeel sal aanbied. (4)

**67**

## VRAAG 6

**KONTANTBEGROTING** **(53 punte; 24 minute)**

Die volgende inligting is geneem uit die rekeningkundige rekords van Chipisa (Edms.) Beperk wat spesialiseer in die verkoop van skooluniforms en benodigdhede. Thandzi Nzalo is die alleeneienaar van die onderneming. Sy is tevrede met die bedryfsresultate van haar onderneming tot op hede.

Sy beplan om te verskuif na 'n groter winkelsentrum in Maart en die onderneming sal dan 'n terugbetaling van R100 000 op die lening in Januarie 2007 moet maak. Thandzi is vol vertroue dat sy nie probleme sal ondervind om haar verpligtinge na te kom nie.

**GEVRA:**

Bestudeer die volgende vooruitskouings en die begrotingsinligting, soos verskaf deur Chipisa (Edms.) Beperk om die vrae wat volg te beantwoord.

**INLIGTING:**

**CHIPISA (EDMS.) BEPERK**
**KONTANTBEGROTING VIR OKTOBER TOT DESEMBER 2006**

| **KONTANTONTVANGSTE** | 2006 Oktober | 2006 November | 2006 Desember |
|---|---|---|---|
| Kontantverkope | 90 000 | 143 000 | 50 000 |
| Debiteure-invordering | 0 | 27 000 | 88 000 |
| Lening: Big Bank | | | 280 000 |
| **TOTALE ONTVANGSTE** | **90 000** | **170 000** | **418 000** |
| **KONTANTBETALINGS** | | | |
| Kontantaankope van voorraad | 130 000 | 50 000 | 20 000 |
| Betaling aan krediteure | | | 27 000 |
| Terugbetaling van lening: Small Bank | 10 000 | 10 000 | 0 |
| Advertensie | 2 800 | 31 200 | 300 |
| SAID: Inkomstebelasting | | | 45 000 |
| Dividende op gewone aandele | 6 000 | | |
| Rente op lening | | | 4 200 |
| Direkteursvergoeding | 20 000 | 24 000 | 28 000 |
| Lone en salarisse | 34 000 | 17 850 | 17 850 |
| Ander diverse uitgawes | 67 200 | 42 300 | 44 350 |
| Verbeteringe aan nuwe winkel in die winkelsentrum | | | 205 000 |
| **TOTALE BETALINGS** | **270 000** | **175 350** | **391 700** |
| KONTANTSURPLUS/(TEKORT) | (180 000) | (5 350) | 26 300 |
| **BANK (Saldo aan die begin van die maand)** | 10 000 | (170 000) | (175 350) |
| **BANK (Saldo aan die einde van die maand)** | **(170 000)** | **(175 350)** | **(149 050)** |

| Die volgende bedrae is geneem uit die finansiële state aan die einde van die jaar | | |
|---|---|---|
| | **2006 31 Oktober** | **2005 31 Oktober** |
| Eienaarsbelang | 400 000 | 400 000 |
| Lening: Small Bank | 10 000 | 130 000 |
| Verkope | 1 080 000 | 900 000 |
| Koste van verkope | 720 000 | 600 000 |
| Handelsvoorraad | 200 000 | 180 000 |

**ADDISIONELE INLIGTING:**

- Die maatskappy beplan om hulle handelsvoorraad op krediet te begin verkoop in Desember 2006.
- Hulle oorweeg ook om rekeninge vir klante oop te maak en om op krediet te verkoop in November.
- Volgens soortgelyke tipes besighede is die invordering van skuld gewoonlik 30% gedurende die maand van verkope (min 4% korting) en 50% in die maand na verkope en 18% in die tweede maand na verkope.

**VRAE OM TE BEANTWOORD:**

6.1 Haar finansiële raadgewer is van mening dat dit tot die onderneming se voordeel sal wees om hulle voorraad op krediet aan te koop. Hulle kan terme van 60 dae na die faktuur onderhandel. Hulle ontvang tans 5%-korting vir kontant.

Bestudeer die syfers in die begroting. Watter effek sou die aankoop van voorraad op krediet op die begroting van die maatskappy hê? Benoem/Verskaf spesifieke syfers om jou antwoord te staaf. (6)

6.2 Hulle oorweeg ook om rekeninge vir klante oop te maak en om op krediet te verkoop.

6.2.1 Bereken die totale kredietverkope vir November 2006. (4)

6.2.2 Watter stappe moet hulle doen voordat hulle krediet aan die klante toestaan? (4)

6.2.3 Is dit volgens jou mening 'n goeie idee om krediet aan die klante te verleen?

- Verskaf EEN punt ten gunste van hierdie idee.
- Verskaf EEN punt teen hierdie idee. (5)

6.3 Voorraadomsetsnelheid:

6.3.1 Bereken die omsetsnelheid van die voorraad vir die jaar geëindig 31 Oktober 2006. (5)

6.3.2 Lewer kortliks kommentaar op die omsetsnelheid van die voorraad vir die jaar. Verskaf TWEE moontlike oorsake vir die verandering in die omsetsnelheid. (6)

**Let wel:** Die omsetsnelheid vir die vorige jaar was 3 keer per jaar.

6.4 Alle werknemers ontvang 'n jaarlikse bonus wat gelykstaande is aan 'n 13$^{de}$ tjek in Oktober. Hulle verwag ook om een of ander tyd 'n verhoging in hulle lone te ontvang.

6.4.1 Wanneer sal die salariesverhoging plaasvind en met watter persentasie sal dit verhoog? (3)

6.4.2 Behandel die direkteure hulle regverdig? Verduidelik. (4)

6.5 Die laaste paaiement op die lening van Small Bank was op 1 November betaal en 'n nuwe lening is by Big Bank op 1 Desember 2006 verkry. Rente is maandeliks op die laaste dag van die maand betaalbaar.

6.5.1 Hoekom het Thandzi dit nodig gevind om hierdie geld te leen van Big Bank in Desember? (2)

6.5.2 Bereken die rentekoers op die lening van Big Bank. (4)

6.5.3 Watter effek sal die nuwe lening op die Skuld/Eienaarsbelang-verhouding van die maatskappy hê? (2)

6.5.4 Was dit wys van Thandzi om die geld te leen eerder as om ekstra kapitaal te belê? Neem in aanmerking dat die Opbrengs op kapitaal aangewend 24% p.j. is. (2)

6.6 Thandzi wil begin om aan die gemeenskappe in die platteland te verkoop.

6.6.1 Wat moet sy volgens jou mening doen om hierdie plan suksesvol te maak? (2)

6.6.2 Noem TWEE maniere waarop sy haar kontantvloei kan verbeter. (4)

**[53]**

**TOTAAL: 400**

Kopiereg voorbehou

**SENTRUMNOMMER**

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | |

**KANDIDAAT SE EKSAMENNOMMER**

| | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | | | | | | | |

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

## FEBRUARIE/MAART 2007

## DEPARTEMENT VAN ONDERWYS

## REKENINGKUNDE HOËR GRAAD

## *SPESIALE ANTWOORDEBOEK*

**Hierdie antwoordeboek bestaan uit 22 bladsye.**

| VRAAG | PUNTE | PARAFEER | MOD. |
|---|---|---|---|
| 1. | | | |
| 2. | | | |
| 3. | | | |
| 4. | | | |
| 5. | | | |
| 6. | | | |
| TOTAAL | | | |

X05

## VRAAG 1

**BANKVERSOENING** **(54 punte; 24 minute)**

**1.1**

| KONTANTONTVANGSTEJOERNAAL VAN KIRON HANDELAARS – OKTOBER 2006 KOJ23 | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Dok nr. | Dag | Besonderhede | Bank | Debiteure-kontrole | Diverse rekeninge | Fol | Besonderhede |
| | 31 | Totaal | 22 260 | 4 400 | 2 356 | | |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |

| |
|---|
| |
| 13 |

| KONTANTBETALINGSJOERNAAL VAN KIRON HANDELAARS – OKTOBER 2006 KBJ23 | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Dok nr. | Dag | Besonderhede | Bank | Debiteure-kontrole | Diverse Rekeninge | Fo | Besonderhede |
| | 31 | Totaal | 25 380 | 400 | 1 890 | | |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |

| |
|---|
| |
| 17 |

| 1.2 BANKVERSOENINGSTAAT OP 31 OKTOBER 2006 | | |
|---|---|---|
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |

| |
|---|
| |
| 11 |

| 1.3.1 Probleem wat in die onderneming bestaan. |
|---|
| |
| |
| TWEE stappe om die probleem op te los |
| |
| |
| |
| |

| |
|---|
| |
| 9 |

| | |
|---|---|
| **1.3.2** | **Kiron wil die paaiement op die voertuig as 'n besigheidsuitgawe boekstaaf. Verduidelik hoekom dit nie aanvaarbare praktyk is nie en hoekom jy as die boekhouer hom nie in hierdie versoek sal ondersteun nie.** |
| | |
| | |
| | |
| | |

| |
|---|
| |
| **4** |

| **TOTALE PUNTE** |
|---|
| |
| **54** |

**VRAAG 2**

**KLUB** **(49 punte; 22 minute)**

**2.1.1**

| Dt | | ALGEMENE GROOTBOEK VAN EASY FITNESS KLUB | | | | | | | Kt |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | LEDEGELDREKENING | | | | | |
| | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | |

| |
|---|
| |
| 16 |

**BEREKENINGE:**

**2.1.2**

| **Nr.** | **Rekening** | **Staat van Ontvangste en Betalings** | | **Staat van Inkomste en Uitgawe** | |
|---|---|---|---|---|---|
| | | **Ontvangste** | **Betalings** | **Uitgawe** | **Inkomste** |
| **Vb.** | ***Vaste deposito*** | ***8 000*** | | | |
| | ***Rente op vaste deposito*** | ***720*** | | | ***720*** |
| | | | | | |
| **1** | Ledegeld | | | | |
| | Ledegeld afgeskryf | | | | |
| | | | | | |
| **2** | Intreegeld | | | | |
| | | | | | |
| **3** | Huur-inkomste | | | | |
| | Herstelwerk | | | | |
| | | | | | |
| **4** | Skryfbehoeftes | | | | |
| | Donasie | | | | |
| | ? | | | | |
| | | | | | |
| **5** | Lening | | | | |
| | | | | | |
| **6** | Rente op lening | | | | |
| | | | | | |

| |
|---|
| |
| **28** |

| **2.2** | **Watter opsie sal jy ondersteun?** |
|---|---|
| | |
| | |
| | |
| | **Verduidelik watter rede jy sal gee, tydens die Desember komitee-vergadering, om jou besluit te staaf.** |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |

| |
|---|
| |
| **5** |

| **TOTALE PUNTE** |
|---|
| |
| **49** |

## VRAAG 3

**VENNOOTSKAPPE** **(61 punte; 28 minute)**

**3.1.1**

| Dt | ALGEMENE GROOTBOEK VAN BONGA MODES | | | | | | | | Kt |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| VERDELINGSREKENING | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | |

| |
|---|
| |
| 14 |

| PRIVAAT-REKENING: BONNA | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | |

| |
|---|
| |
| 10 |

| **3.1.2 Bereken die netto inkomste as 'n persentasie van die gemiddelde eienaarsbelang vir die onderneming.** |
|---|
| |
| |
| |
| **Kommentaar:** |
| |
| |

| |
|---|
| **10** |

| **3.1.3 Bereken Beryl Bonna se totale verdienste vir die eerste jaar van bedrywighede in die onderneming.** |
|---|
| |
| |
| |
| **Watter persentasie van die netto inkomste het hulle albei verdien?** |
| **Bonna:** |
| |
| **Gain:** |
| |
| **Sal die vennote tevrede wees met bostaande verdienste?** |
| **Ja/Nee** |
| **Kommentaar:** |
| |
| |
| |

| |
|---|
| **11** |

## VRAAG 3.2

| 3.2.1 Sal dit die probleem i.v.m. lae netto wins verdien vir die onderneming oplos indien Gloria voltyds in die onderneming werk? Voorsien toepaslike syfers en berekeninge om jou antwoord te staaf. |
|---|
| |
| |
| |
| |
| |
| |
| |

| |
|---|
| |
| 8 |

| 3.2.2 Sal dit volgens jou mening voordelig vir Gloria wees? Verduidelik deur toepaslike syfers te voorsien. |
|---|
| Ja/Nee: |
| |
| |
| |
| |
| |

| |
|---|
| |
| 4 |

| 3.2.3 Watter ander voordele is daar vir die onderneming indien Gloria voltyds in die onderneming werk? Verduidelik kortliks, en noem TWEE hoofpunte. |
|---|
| |
| |
| |

| |
|---|
| |
| 4 |

| TOTALE PUNTE |
|---|
| |
| 61 |

## VRAAG 4

**BESLOTE KORPORASIE** **(116 punte; 52 minute)**

**4.1.1**

| Dt | | ALGEMENE GROOTBOEK VAN ELUMA SEKURITEIT BK | | | | | | | Kt |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | OPGEHOOPTE WAARDEVERMINDERING OP TOERUSTING | | | | | | | |
| | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | |

| |
|---|
| |
| 15 |

| | | BATEVERKOPE | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | |

| |
|---|
| |
| 8 |

**BEREKENINGE:**

**4.1.2**

| ELUMA SEKURITEIT BK<br>INKOMSTESTAAT VIR DIE JAAR GEËINDIG 30 JUNIE 2006 | | |
|---|---|---|
| | **R** | **R** |
| | | |
| | | |
| **Bruto wins** | | |
| **Ander bedryfsinkomste** | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| **Bruto bedryfsinkomste** | | |
| **Bedryfsuitgawes** | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| **?** | | |
| **?** | | |
| **?** | | |
| **?** | | |
| **?** | | |
| **?** | | |
| **Netto inkomste vir die jaar na belasting** | | |

| |
|---|
| |
| **53** |

**4.1.3**

| ELUMA SEKURITEIT<br>Notas tot die Finansiële State 30 Junie 2006 | |
|---|---|
| **Handels- en ander krediteure** | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |

| |
|---|
| |
| **15** |

**4.1.4**

| ELUMA SEKURITEIT BK<br>Balansstaat op 30 Junie 2006 | | | |
|---|---|---|---|
| **EKWITEIT EN LASTE** | **Notas** | | |
| **Lede-ekwiteit** | | | |
| | | | |
| | | | |
| | | | |
| **Nie-bedryfslaste** | | | |
| | | | |
| | | | |
| **Bedryfslaste** | | | |
| | | | |
| | | | |
| | | | |

| |
|---|
| |
| **19** |

| **4.2** | **Hoekom het die kliënte nie van hierdie aanbod gebruik gemaak nie? Gee jou mening kortliks.** |
|---|---|
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |

| |
|---|
| 6 |

| **TOTALE PUNTE** |
|---|
| |
| **116** |

## VRAAG 5

**MAATSKAPPY** **(67 punte; 30 minute)**

| **5.1 Bereken die bedrag vir rente op lening betaal wat op die gesig van die Kontantvloeistaat getoon moet word.** |
|---|
| |
| |
| |
| |
| **Bedrag wat op die gesig van die Kontantvloeistaat getoon moet word.** |
| |

| |
|---|
| |
| **6** |

### 5.2 NOTA TOT DIE KONTANTVLOEISTAAT

| **Versoening van netto wins voor belasting en kontant verkry uit bedrywighede** | |
|---|---|
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |

| |
|---|
| |
| **13** |

**5.3**

| S.I.M. MAATSKAPPY BEPERK<br>KONTANTVLOEISTAAT VIR DIE JAAR GEËINDIG 28 FEBRUARIE 2006 | | |
|---|---|---|
| **KONTANTVLOEI UIT BEDRYFSAKTIWITEITE** | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| **KONTANTVLOEI UIT BELEGGINGSAKTIWITEITE** | | **(65 520)** |
| Vaste bates aangekoop | | **(70 320)** |
| Opbrengs van bateverkope | | **4 800** |
| | | |
| **KONTANTVLOEI UIT FINANSIERINGSAKTIWITEITE** | | |
| | | |
| | | |
| **NETTO VERANDERING IN KONTANT EN KONTANT-EKWIVALENTE** | | |
| | | |
| | | |

| |
|---|
| |
| **18** |

| **5.4.1 Minimum getal aandele wat aangekoop moet word om beheer oor maatskappy te behou.** |
|---|
| |
| |
| |
| **Berekening van die koste van die belegging** |
| |
| |
| |

| |
|---|
| |
| **6** |

**5.4.2 Sal die bank 'n oortrekking aan die maatskappy toestaan? Gee TWEE redes.**

| |
|---|
| |
| |
| |
| |
| |
| |

**5**

**5.4.3 Bereken die totale dividende per aandeel vir die huidige rekeningkundige tydperk.**

| |
|---|
| |
| |
| |
| |
| |
| |

**5**

**5.4.4 Bereken die netto batewaarde per aandeel op 30 Junie 2006.**

| |
|---|
| |
| |
| |
| |
| |
| |

**6**

| **5.5.1** | **Noem TWEE redes waarom Joe bereid sal wees om soveel as R6,50 vir 'n aandeel aan te bied.** |
|---|---|
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |

| |
|---|
| |
| **4** |

| **5.5.2** | **Noem TWEE redes waarom Ben slegs R3,50 per aandeel sal aanbied.** |
|---|---|
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |

| |
|---|
| |
| **4** |

| **TOTALE PUNTE** |
|---|
| |
| **67** |

## VRAAG 6

**KONTANTBEGROTING** **(53 punte; 24 minute)**

| **6.1 Watter effek sou die kredietaankope van voorraad op die begroting hê?** |
|---|
| |
| |
| |
| |
| |

| |
|---|
| |
| **6** |

| **6.2.1 Bereken die totale kredietverkope vir November 2006.** |
|---|
| |
| |
| |
| |
| |
| |

| |
|---|
| |
| **4** |

| **6.2.2 Watter stappe sal jy doen alvorens daar krediet aan 'n klant toegestaan word?** |
|---|
| |
| |
| |
| |
| |
| |

| |
|---|
| |
| **4** |

| **6.2.3 Is dit volgens jou mening 'n goeie idee om krediet aan klante toe te staan? Verskaf EEN punt ten gunste van die strategie en EEN punt daarteen.** |
|---|
| **Ja – Nee:** |
| **EEN punt ten gunste van:** |
| |
| |
| **EEN punt daarteen:** |
| |
| |
| |

| |
|---|
| **5** |

| **6.3.1 Bereken die omsetsnelheid vir die jaar geëindig op 31 Oktober 2006.** |
|---|
| |
| |
| |
| |

| |
|---|
| **5** |

| **6.3.2 Lewer kortliks kommentaar op die omsetsnelheid.** |
|---|
| |
| |
| |
| **TWEE moontlike oorsake vir die verandering in die omsetsnelheid** |
| |
| |
| |

| |
|---|
| **6** |

| **6.4.1 Wanneer sal die salarisverhoging plaasvind en met hoeveel persent?** |
| --- |
| |
| |
| |

| |
| --- |
| |
| 3 |

| **6.4.2 Behandel die direkteure hulle regverdig? Verduidelik.** |
| --- |
| |
| |
| |
| |

| |
| --- |
| |
| 4 |

| **6.5.1 Hoekom het Thandzi dit nodig gevind om hierdie geld van Big Bank te leen?** |
| --- |
| |
| |
| |
| |
| |

| |
| --- |
| |
| 2 |

| **6.5.2 Bereken die rentekoers op die lening.** |
| --- |
| |
| |
| |
| |

| |
| --- |
| |
| 4 |

| **6.5.3 Watter effek sal die nuwe lening op die Skuld/Eienaarsbelang-verhouding van die onderneming hê?** |
|---|
| |
| |
| |

| |
|---|
| **2** |

| **6.5.4 Was dit wys van Thandzi om geld te leen eerder as om haar eie kapitaal te voorsien?** |
|---|
| |
| |
| |

| |
|---|
| **2** |

| **6.6.1 Wat moet sy doen om hierdie plan suksesvol uit te voer?** |
|---|
| |
| |
| |

| |
|---|
| **2** |

| **6.6.2 Verskaf TWEE maniere om haar kontantvloei te verbeter.** |
|---|
| |
| |
| |

| |
|---|
| **4** |

| **TOTALE PUNTE** |
|---|
| |
| **53** |


GAUTENG